**5 April** **Skrifgedeelte: Johannes 11:45-57**
**Fokusgedeelte: Johannes 11:49-52**

## Ongelowige logika

Dit was ’n heel logiese argument van Kajafas: Jesus kry ’n groot aanhang; dit kan Hom motiveer om ’n opstand teen die Romeine te loods; dít sal groot probleme vir die weerlose Joodse volk veroorsaak. Die logiese gevolgtrekking is dat Jesus doodgemaak moet word, eerder as dat die volk sterf. Hy het met ’n Bybel in sy hand nie besef dat Jesus die Messias is nie! (Vgl. ook Ps 146:8; Jes 29:18; Jes 35:5, 6).

Daar is vandag nog steeds “Christene” wat met hulle skewe logika Bybelse waarhede mis lees. Van hulle glo Jesus kon Lasarus nie opgewek het nie. Hul “gesonde” verstand sê dit vir hulle. Arrogant! Gelukkig weet ons by God is niks onmoontlik nie. Jesus is magtiger as die dood! Hy het vir al die kinders van God gesterwe. Hy het die mag van die dood finaal gebreek (1 Kor 15:54, 55). As jy waarlik glo, weet ook jy dat jy sal voortlewe, al gaan jy sterwe!

*Sing: Psalm 94:4, 12* *Ds. APC Duvenage (Emeritus)*